3.5.1968



# Kort rede deur die Rektor, Prof. Dr. H. B. Thom

Ek voldoen graag aan die versoek van die Voorsitter om nou oor te gaan tot die ampsbekleding van ons nuwe Kanselier. Ek doen dit in die besef van die verantwoordelikheid wat op my rus. Ek doen dit ook in die besef van die groot voorreg wat die Universiteit van Stellenbosch beleef deurdat ons hierdie plegtigheid vanaand met mekaar kan meemaak.

In die lewe van 'n universiteit, soos in die lewe van 'n volk, kom daar geleenthede wat besondere aandag trek en deur die nageslag onthou word. So 'n geleentheid kan 'n besondere hoogtepunt wees, en dan sal dit begryplikerwyse des te meer aandag trek en des te beter onthou word.

Dit is só 'n geleentheid wat die Universiteit van Stellenbosch vanaand beleef. Ons is innig dankbaar, en ons ag ons opreg gelukkig, dat ons nou as ons Kanselier kan inhuldig iemand wat reeds onomstootlike bewyse gelewer het dat hy met die grootste bereidwilligheid àl sy kragte aan sy land en sy mense wy, en wat veral ook die bewys gelewer het dat hy die blywende belange van die jeug van Suid-Afrika met groot erns en toewyding dien. Dit is vir ons 'n eer en voorreg om vanaand hier aanskouers te wees van, en deel te neem aan die inhuldiging van Sy Edele dr. B. J. Vorster as die nuwe Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch.

*Die Rektor, prof. H. B. Thom, neem die ampsbekleding van die Kanselier waar.* (*Foto:* CAPE TIMES.)

Ons betuig ons hartlike dank en waardering teenoor hom vir sy ongekwalifiseerde, spontane bereidwilligheid om hom vir ons beskikbaar te stel. Ons dank hom dat hy



vanaand hier by ons is, en dat hy die middelpunt van ons verrigtinge kan wees. Ons waardeer dit ten seerste dat mev. Vorster hom vergesel het en dat sy vanaand hierdie verrigtinge saam met ons kan meemaak. Ons is bowendien dankbaar dat ons nuwe Kanselier hom reeds vanmiddag tot die beskikking van ons studente gestel het, en dat hy deur hulle met groot geesdrif en hartlikheid in die Stadsaal ontvang kon word. By 'n universiteitsplegtigheid soos hierdie stel ons die aanwesigheid van so vele hoogwaardigheidsbekleërs ten seerste op prys. Die Voorsitter het reeds na hulle verwys. Dit sal my egter vergun word om met besondere klem melding te maak van die aanwesigheid van die Kanseliers en Rektore van àl ons Suid-Afrikaanse universiteite. Ons is bly dat hulle hier saam met ons is. Deur hulle aanwesigheid lewer hulle 'n belangrike bydrae om die inhoud en betekenis van ons byeenkoms te verhoog. Dit is goed om te weet dat Suid-Afrikaanse universiteite by sulke geleenthede hulle hartlike, wedersydse belangstelling in mekaar kan betuig.

In ons nuwe Kanselier begroet ons die Eerste Minister van die Republiek van Suid-Afrika. Ons begroet in hom die daadkragtige leier van 'n jong land, 'n land wat in 'n moeilike wêreld en moeilike tye deur hom met insig, begrip en beginselvastheid gelei word. Ons begroet in hom die leier wat nie net die uitwendige raaksien nie. Ons sien in hom die leier wat weet dat daar agter en onder die uitwendige simptome en manifestasies van tye en dinge die diepere kragte van die gees lê, daardie kragte wat skeppend en vormend inwerk om die uitwendige simptome en manifestasies teweeg te bring. Ons begroet in hom die leier wat, terwyl hy die materiële, die konkrete, raaksien en daarmee rekening hou, desnieteenstaande die geestelike, die ewige, as fundamenteel aanvaar. Ons is baie dankbaar om te weet, en om dit ook te kan getuig, dat vir hom die Goddelike steeds bo alles beslissend uittroon.

Ons begroet in Sy Edele dr. Vorster 'n beroemde oud-student van die Universiteit; en ook hieroor is ons verheug. Want hy ken die Universiteit en sy mense, en hy sal die



*Die eggenotes van die Kanseliers en Rektore van die Suid-Afrikaanse Universiteite wat die inhuldiging bygewoon het. Die eggenotes van Kanseliers in die voorste ry: mevv. B. J. Schoeman, G. G. Campbell, F. J. de Villiers, B. J. Vorster, H. Muller, C. R. Swart, J. de Klerk, N. Diederichs.*

*Die eggenotes van Rektore in die agterste ry: mevv. E. J. Marais, J. M. Hyslop, O. P. F. Horwood, S. Pauw, H. B. Thom, Lady Luyt, mevv. B. Kok, I. D. MacCrone, H. J. Bingle, G. van N. Viljoen.*
(*Foto:* EDRICH.)

hoogste amp aan ons Alma Mater met insig en begrip beklee. Terselfdertyd begroet ons in hom die jongste Kanselier wat Stellenbosch nog gehad het; hy het hom in die volheid van sy lewenskrag vir ons beskikbaar gestel; hy is vir ons almal, en insonderheid vir ons studente wat hom en sy eggenote met soveel toegeneentheid en liefde ontvang het, in die tyd waarin ons vandag lewe, 'n ware simbool van dinamiese denke en klinkende dade. Ons begroet in Sy Edele dr. Vorster bowenal 'n wellewende mens. In hom het ons iemand wat as mens oor uitmuntende persoonlike kwaliteite beskik. Hy is nederig in die omgang, en in die geselskap van laag of hoog, arm of ryk, is hy altyd dieselfde.

In hom het ons 'n lojale vriend op wie 'n mens te alle tye kan reken. In alles wat hy doen, word hy gekenmerk deur 'n stille waardigheid, wat steeds die hoogste agting afdwing. Om 'n man van hierdie gehalte as Kanselier te ontvang, is vir die Universiteit 'n groot eer en buitengewone voorreg.

Dit doen my genoeë om, namens die Raad en die Senaat, namens die studente en die oud-studente, kortom namens die Universiteit as geheel, oor te gaan tot die ampsbekleding van ons nuwe Kanselier.

Ek verklaar hiermee dat Sy Edele dr. B. J. Vorster, in ooreenstemming met Artikels 44 en 45 van die Statuut van die Universiteit van Stellenbosch, deur die Konvokasie tot Kanselier van die Universiteit verkies is, en ook dat dit eenparig geskied het. Dit doen my genoeë om hom nou sy akademiese drag om te hang.

Ons wens hom as Kanselier 'n lang, vrugbare en gelukkige ampstyd toe. In sy hoë amp wil ons hom verseker van die hartlike ondersteuning van professore, van ander dosente, van studente en inderdaad van almal wat verbonde is aan die Universiteit van Stellenbosch.